HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WEEKBRIEF 3 | 2 FEBUARIE 2024

Oorleef die Hoërskool

(Uit Vrouekeur 3 Februarie 2017)
Ma's, gee hierdie artikel vir julle graad 8-kinders. Ons praat spesifiek met hulle.]

Jy trek nou so 'n rapsie meer as twee weke jou splinternuwe hoërskooluniform aan. Jy is nog nie heeltemal gesettle nie, maar die onderwysers lyk nie heeltemal so vreesaanjaend nie en jy het darem al 'n maat of twee gemaak.

Die begin van die hoërskool kan 'n baie stresvolle tyd in jou lewe wees, asof dit nie reeds moeilik genoeg is om 'n tiener te wees nie! Met hormone wat op hol gaan en emosies wat wipplank ry, sukkel jy nog om agter te kom wie jy is en hoe jy nou eintlik in die ou wêreldjie inpas.

Dan bevind jy jou ewe skielik in 'n vreemde skool saam met 'n klomp kinders wat jy nie ken nie.

En almal het hormone en wipplank-emosies. Welkom in graad 8.

Haal asem! Jy is nie alleen nie. Jy is nie die enigste een wat benoud en onseker is en wat oor die dinge wonder nie. Hier is 'n bietjie raad om jou te help.

Haal asem! Jy is nie alleen nie.

Moenie bang wees om nuwe vriende te maak nie. Dit is oukei om steeds vriendelik met jou ou laerskoolmaats te wees, maar probeer ook om die kinders te leer ken wat vir jou nuut is. Memoriseer die name van al jou klasmaats en daag jouself uit om elke dag met die maats voor en agter jou in die ry te praat, al is dit ook net om hallo te sê.

Moenie gevang word om in die rye te praat nie, want by die meeste skole is dit teen die reëls.

Raak betrokke by aktiwiteite wat deur die skool aangebied word. Probeer verskillende sportsoorte tot jy weet waaraan jy graag wil deelneem. As daar 'n skoolbyeenkoms gehou word, maak seker jy neem deel. Dit is makliker om vriende te maak buite die klassituasie, waar die atmosfeer meer ontspanne is; sodoende sal jy ook nou agterkom watter kinders jou belangstelling deel.

Neem kennis van skoolreëls en kom dit na. Skole se reels verskil en soms kan die simpelste ou dingetjie jou in die moeilikheid laat beland. Jy mag nooit sê: "Ek het nie geweet nie".
Kies jou vriende versigtig. Maak seker hulle is betroubaar en het dieselfde waardes as jy. Loop lig vir mense wat onnodige drama veroorsaak of wat gedurig in die moeilikheid is.

Onthou: Maats kan jou maak of breek.

Onthou: Maats kan jou maak of breek. Die regte maats sal verseker dat jy 'n wonderlike graad 8-jaar het.
Moenie gedurig probeer om ander te beïndruk nie. Ontspan en wees jouself. Jy hoef nie die klasnar te wees vir mense om van jou te hou nie.
Glo in jouself en moenie toelaat dat ander jou intimideer nie. Jy weet wat reg en verkeerd is. Doen met selfvertroue altyd die regte ding.

Moenie bang wees vir jou onderwysers nie! As jy met iets sukkel, vra die onderwyser om hulp. As jy te skaam is om jou mond in die klas oop te maak, wag tot die periode verby is en vra dan. Moenie dit net los nie, want as jy iets nie nou verstaan nie, gaan jy dit waarskynlik ook nie môre of die dag voor die eksamen verstaan nie.

Leer om te prioritiseer en moenie uitstel nie. Doen altyd jou huiswerk en sorg dat jou take betyds klaar is. Studeer elke dag. Onthou dat die werk baie meer as in graad 7 is en jy kan onmoontlik nie eers die dag voor die eksamen begin leer en vir 'n goeie rapport hoop nie. Jy weet dalk nog nie wat jy na skool wil doen nie en party vakke voel vir jou onnodig en irriterend, maar hou jou opsies oop.Dalk het jy 'n goeie punt in 'n seker vak nodig om vir 'n spesifieke studierigting te kwalifiseer en dan sal jy spyt wees jy het nie altyd jou bes in daardie vak gedoen nie. Sit genoeg tyd vir jou studies opsy – dalk verbaas jy jouself.

Wees altyd gaaf. Moenie een van daardie kinders wees wat ander kinders terg of skinderstories oorvertel nie. Jy weet nie wat in 'n ander se lewe aangaan nie. 'n Klasmaat is dalk terneergedruk of kom uit moeilike huislike omstandighede en 'n glimlag of 'n vriendelike woordjie kan die wêreld se verskil maak.

Februarie

2 Februarie
VVK: Opleiding
3 Februarie
Atletiek: Zone 2
Potspel: VS-proewe (ontwikkeling)
Waardeweek: Integriteit (Gr. 10)
6 Februarie – 9 Februarie
Graad 9: Buitelugskool
7 Februarie
Atletiek: AFS
JF-periode: VRL
8 Februarie
Geesvangperiode
Alpha
JFFJ
10 Februarie
Atletiek: Zone 1
Potspel: Sosiaal
12 Februarie
Waardeweek: Omgee (Gr. 9)
13 Februarie
Geesvangperiode
14 Februarie
Atletiek: AFS
Senior Afrikaans: Olimpiade inskrywings sluit
Valentynsdag: Registerperiode (geskenke + sivvies)
15 Februarie
Geesvangperiode
Alpha
JFFJ
16 Februarie
Netbal: Skeidsregterskursus
ATKV Inskrywings
Atletiek: Sentraal top 10
Koskasdag
Skaak: Liga
Valentynsbal

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

Sielkundige

ontvangss.loo2@jimfouchehs.com

OUERLIKE ONDERSTEUNING DEUR ROU: 'N GIDS VIR OUERS VAN TIENERKINDERS.

Verlies is 'n universele realiteit en het 'n diepgaande impak op mense van alle ouderdomme, insluitend tieners. Vir ouers is dit 'n uitdaging om hul tienerkinders deur die vyf fases van rou te help. Hier volg 'n nuttige gids oor hoe ouers 'n ondersteunende omgewing kan skep tydens hierdie emosionele reis:

1. Wees gewillig om te luister:
Ouers moet 'n omgewing van openheid skep waar tieners vrylik oor hul gevoelens kan praat. Vrae vra, luister sorgvuldig en moedig hulle aan om hul emosies te deel.

2. Erken en aanvaar emosies:
Erken dat emosies in 'n wye spektrum kan varieer. Moedig tieners aan om al hul emosies te aanvaar, insluitend woede, verdriet, en selfs verwarring. Dit is deel van die rouproses.

3. Bied praktiese ondersteuning:
Help tieners met daaglikse take. Hierdie ondersteuning kan hulle 'n gevoel van geborgenheid gee te midde van die rouproses.

4. Stel grense vir selfsorg:
Tieners mag geneig wees om hul emosies weg te steek. Ouers moet hulle aanmoedig om selfsorg te beoefen en gesonde grense te stel, insluitend genoeg slaap, eet, en fisieke aktiwiteit.

Ouerlike Ondersteuning deur Rou:

1. Wees gewillig om te luister
2. Erken en aanvaar emosies
3. Bied praktiese ondersteuning
4. Stel grense vir selfsorg
5. Geduld en voortdurende ondersteuning
6. Professionele hulp
7. Hou die herinnering lewendig
8. Wees 'n rolmodel vir gesonde hantering van emosies

Rou is 'n proses wat tyd neem

5. Geduld en voortdurende ondersteuning:
Rou is 'n proses wat tyd neem. Ouers moet geduldig wees en voortdurende emosionele ondersteuning bied. Herinner tieners dat daar geen "regte" manier is om te rou nie en dat elkeen sy eie pad/manier het.

6. Professionele hulp:
As die tiener sukkel om deur die fases van rou te beweeg, kan dit gepas wees om professionele hulp te soek. 'n Terapeut of skoolberader kan 'n waardevolle bron wees om die tiener te ondersteun.

Wees eerlik oor eie gevoelens en toon 'n gesonde hantering van rou, wat 'n positiewe invloed op die tiener kan hê.

7. Hou die herinnering lewendig:
Moedig tieners aan om herinneringe aan die verlore persoon te deel en koester. Dit kan 'n belangrike aspek van die aanvaardingsfase wees.

8. Wees 'n rolmodel vir gesonde hantering van emosies:
Ouers dien as rolmodelle vir hoe om emosies te hanteer. Wees eerlik oor eie gevoelens en toon 'n gesonde hantering van rou, wat 'n positiewe invloed op die tiener kan hê.

Die reis deur rou is 'n uitdagende een, maar met die regte ondersteuning kan ouers 'n groot verskil maak in die emosionele welstand van hul tienerkinders.



Wees eerlik oor eie gevoelens

JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

Waarde

Week se stukkies

Ons almal weet mos, wat jy op die internet lees, is waar, en daarom het ons toe sommer besluit om te google wat die woord verantwoordelikheid beteken?
Volgens Wikipedia beteken dit.....
Verantwoordelikheid is die verpligting wat op die skouers van 'n persoon rus om 'n gegewe taak wat aan hom of haar opgedra is na sy of haar beste vermoë uit te voer of te verseker dat die taak voltooi word. Alhoewel gesag na ondergeskiktes gedelegeer kan word, sal die verantwoordelikheid altyd op die persoon rus aan wie die aanvanklike taak of opdrag toegeken is. Verantwoordelikheid is die verpligting om rekenskap te kan gee.
In Kolossense deel Paulus die volgende sin: “Op my skouers rus die verantwoordelikheid om die boodskap van God van begin tot end aan julle te verduidelik (Kol. 1:26 – DB)
Wanneer ‘n mens die laaste sin van Wikipedia se verduideliking lees: “Verantwoordelikheid is die verpligting om rekenskap te kan gee” en mens lees Paulus se sin oor sy verantwoordelikheid, dan herinner dit ons net weer dat elkeen van ons ‘n doel het, want saam met daai doel kom die verantwoordelikheid om dit te bereik.
God het ons elkeen geskep met ‘n doel Hy het ‘n plan vir ons lewe, maar dit is ons verantwoordelikheid om by die Here uit te kom en te hoor, hoe, waar en wanneer.
Dis soms ‘n tricky besigheid, die verantwoordelikheid-ding, want dis nie net eenvoudig ‘n woord nie, maar ‘n woord wat gewig dra ... soveel so dat ons weet, oor elke besluit, optrede of woord, moet ons rekenskap gee en wat gaan ons sê? Wat gaan ons verduideliking wees! Gaan ons blame shift of gaan ons die verantwoordelikheid vat wat na ons kant toe kom?

Ons wil afsluit met hierdie gedig – (ons weet nie wie het dit geskryf nie, maar hou daarvan):
Verantwoordelikheid is 'n eienskap wat ons almal moet hê,
Dit beteken dat ons verantwoordelik is vir ons eie optrede en die gevolge daarvan.
Ons moet verantwoordelik wees vir ons eie welstand,
Maar ook vir die welstand van ander.

Verantwoordelikheid beteken dat ons ons verplig voel om die regte ding te doen,
Selfs as dit nie altyd die maklikste ding is nie.
Dit beteken ook dat ons bereid moet wees om die gevolge van ons optrede te aanvaar,
En om daaruit te leer en onsself te verbeter.

Verantwoordelikheid beteken dat ons ons verplig voel om die regte ding te doen

Verantwoordelikheid is 'n eienskap wat ons kan ontwikkel en verbeter,
En dit is belangrik om te onthou dat niemand perfek is nie.
Maar deur onsself te verbeter en ons verantwoordelikheid te aanvaar,
Kan ons 'n positiewe impak op onsself en die wêreld om ons hê.

Soos 'n Vader
hom ontferm
oor sy kinders
so ontferm
die Here
hom oor die
wat Hom
dien
PS 103:13
Nas wat Hom vrees

Akademie

Eskom Ekspo

STERKTE JACO!

JF STAAN AGTER JOU!

Jaco vlieg die naweek na die Taiwan International Science Fair (TISF).

#TROTS JF

Hallo JF!
Ek groet jou vanuit Taipei in die hartjie van Asië, waar ek Suid-Afrika en JF met 'n dankbare hart verteenwoordig.

Ek woon 'n wetenskapeskpo by waar ek die besonderse geleentheid kry om my taak en uitvindings in "computer science" met die wêreld te kan deel.

Alles hier is baie anders as in Suid-Afrika! Hier kan iemand alleen eenuur in die oggend deur die strate loop sonder enige kommer (en die ligte werk)! In die stad is daar sommer 'n park om elke hoek en draai asook baie natuurskoon tussen die klomp geboue.

Hier is baie geleenthede vir beurse, ondersteuning en internasionale "networking" vir alle lande. Die toere deur die stad, na die temples en die blootstelling aan die verskillende kulture is 'n fantastiese leerskool.

Ek is só trots om aan julle te skryf uit Taiwan en terselfdetyd my land en skool se name hoog te kan hou.

Groete uit Taipei Taiwan!

Afrikaans Ekspo 2023

#trots JF

Die volgende leerders het pragtig presteer in die skryfafdeling van die 2023 Afrikaans Ekspo.

BAIE GELUK AAN ELKEEN VAN HIERDIE KREATIEWE SKRYWERS!

Goud:

Alex Bezuidenhout
Phillip Noeth
Larisca Labuschagne
Christiaan Wilken
Carlise Botha
Zoé Grobler
Mienke Venter
Alet-Mari Oosthuizen
Lohani Saaiman
Zhack Struwig
Chynelle Ellis
Elseri Venter
Danelle du Ru
Janien van Eeden

Silwer:

Leané de Villiers
Amoné Verwey
Mila van der Berg

Brons:

Jani van der Merwe
Marietha Pool
Heinrich Nortje

#trots JF

Kultuur

Welkom by die kultuur van 2024. Ons sien uit om die leerders by JF-kultuur te verwelkom. Ons wil net weer beklemtoon dat Maandae kultuurdae is. Die leerder het dan die voorkeur om na die kultuur aktiwiteit te gaan. Ons wil regtig die leerders aanmoedig om by 'n kultuuraktiwiteit betrokke te raak.

14:00 - 15:00 Junior Debat Kamer 203 (Juf. Truscott)
14:00 - 15:00 Senior Debat Kamer 104 (Juf. De Bruyn)
14:00 - 15:00 Redenaars (Voorbereid) (Junior) Kamer 210 (Juf. Schoeman)
Redenaars (Voorbereid (Senior) Kamer 3 (Juf. Wilken)
14:00 – 15:00 Redenaars (Onvoorbereid) Kamer 207 (Juf. Ferreira)
15:30-17:00 Bellissima Kamer 1
17:00-18:30 Voortrekkers Vierkant

Ons is baie opgewonde dat die belangstelling vir debat en redenaars groot is dié jaar. Ons sal individueel met die leerders 'n reëling tref wanneer oefening sal plaasvind.

Kunste Akademie

Vir enige navrae, kontak Ilse Fourie (Kunste Akademie hoof). 066 231 9012 (ilsefourie@jimfouchehs.com)

'Every artist was first an amateur' – Ralph Waldo Emerson

Jim Fouché se Kunste Akademie bied 'n wye verskeidenheid kunsvorms aan. Om deel van die Kunste Akademie te wees moet elke leerder 'n bedrag van R150 registrasie betaal (Karri app). Daar sal tyd tot die 29ste Februarie wees om die registrasiefooi te betaal. Alle leerders wat deel is van die Kunste Akademie, sal 'n balkie ontvang.

Dromme	Tarien Broodryk	071 201 6565
Drama	Christi-Ann Lombard	073 932 0001
Klavier, Klawerbord, Teorie, Ukelele	Belinda Raath	076 708 1940
Dans	Santie van Biljon	078 666 8140
Kuns	Adele Opperman	082 213 1345
Sang	Ilse Fourie	066 231 9012

Landsdiens

2 Februarie @ 14:00

Kwaggas Klubhuis

Kom 13:40 by die netbalhekkie bymekaar (JF-hoërskool.)
Tasse en sakke gaan saam met Tannie Lize
Ons stap na Lilac 22 (Kwaggas Klubhuis)

Onthou: Swemklere en handdoeke
Koeldrank of chips
R30 vir aandete

Onthou R30 vir aandete

Ons gaan "seed bumbs" met hulle potjies maak, wat as geskenkies gegee gaan word vir ons Hoofbestuur.

Vir meer inligting: Kontak 0823784398

20:30 Praise and worship Afsluiting van die dag. Koffie en koekies.

#kwaggasonthemove

Seuns bring 'n koeldrank
Dogters bring 'n pak chips

10 jaar years LANDSDIENS LAND SERVICE

Sport

Padwedloop

Kayla Fourie het deelgeneem aan verskeie padwedlope en het die volgende uitslae behaal:
Kersiefees 23 km - 1ste (Juniors)
Magersfontein 25 km - 1ste (Juniors)
Diamond KBY 21.1 km klaargemaak
Kloppers 21.1 km klaargemaak

Striders PSG 10 km – 1 ste (Junior Vroue-afdeling)

#trotsJF

SKAAK

Skaakuitslae van 26 Jan:
JF het deelgeneem aan die Bloemfontein Hoërskole Toernooi en het die volgende uitslae behaal:

#trotsJF

Spanne
Onder 15A wen
Onder 17A 2de plek

Bordwenners
Onder 15A
Bord 2 - Janco Coertzen
Bord 3 - Wandre Prinsloo
Bord 4 - Divan van Heerden
Onder 17A
Bord 1 - Garran Grace

Krieket Eerstespan

DIE EERSTE KRIEKETSPAN SPEEL TEEN RPC IN 'N 20 BOULBEURTWEDSTRYD.

JF KOLF EERSTE EN TEKEN 202 VIR 3 AAN. JF BOUL RPC UIT VIR 92 EN WEN DUS DIE WEDSTRYD MET 110 LOPIES

BESTE BOULERS
LIAN THERON 3 VIR 6
COBUS WILKEN 2 VIR 12
MARCO DE LANGE 2 VIR 27

BESTE KOLWERS
ADRIAN DE NECKER 101*
COBUS WILKEN 51*

Krieket o/15 A

DIE O/15A SPEEL TEEN HOËRSKOOL SENTRAAL IN 'N T20 WEDSTRYD.
SENTRAAL KOLF EERSTE EN WORD ALMAL UITGEHAAL VIR 88.
JF STEEK DIE TELLING VERBY MET 5 PAALTJIES PLAT.
JF WEN DUS DIE WEDSTRYD MET 5 PAALTJIES..

BESTE KOLWERS :
FRANCO DE NECKER 22
ADRIAN ENGELBRECHT 22

FRANCO DE NECKER 3 PAALTJIES VIR 9 LOPIES
JODAN VORSTER 2 VIR 12

#TROTSJFKRIEKET

#TROTSJF

VVK 2024 Graad 8

Graad 8

Nicole van Schalkwyk 8A

Wian Burger 8A

Rukaoya Sampson 8B

Jeandré Nel 8B

Cara Hoffman 8C

Duan Bastone 8C

Lené Gordon 8D

Lappies Labuschagne 8D

Cara Hensberg 8E

Nico Coetzee 8E

Angelica du Toit 8F

Retief Ehlers 8F

Danri Smith 8G

Levis du Preez 8G

Hayley Scoltz 8G

Lano Botha 8H

Makayla Harris 9A

Rohan Nothnagel 9A

Miené Spies 9B

Joran Jacobs 9B

Martsó Horn 9C

Christiaan Jacobs 9C

Martelize Hattingh 9D

Johan van Dyk 9D

Lizzy Loretz 9E

Franco de Necker 9E

Chrislee Wheeler 9F

Graad 9

VVK 2023

Graad 10

Werleo Deetlefs 9F

Maruné Dreyer 9G

Malan Bekker 9G

Ansje Bekker 10A

Franco Greyling 10A

Lize Fourie 10B

Christiaan Odendaal 10B

Miqnia Coetzee 10C

JC van Niekerk 10C

Natalie White 10D

Tiaan Buys 10D

Elrie van Niekerk 10E

Ruben Pretorius 10E

Calsta Viljoen 10F

JP Crous 10F

Carli Momberg 11A

Zandré van Niekerk 11A

Suné Deacon 11B

Ruan Erasmus 11B

Daniëlle Greeff 11C

AJ Hattingh 11C

Liechen Willemse 11D

Stephan Bester 11D

Danelle Smith 11E

Zeezo Pheiffer 11E

Edané Niemand 11F

Arthur Kayser 11f

Graad 11

VVK 2024

Graad 12



Jani van der Merwe
12A

Juanco Botha
12A

Karien Froneman
12B

Amo Chaka
12B

Suné Pienaar
12C

Westley Wall
12C

Niané Odendaal
12D

Char-Lené Boshoff
12D

Natasha Combrink
12E

Kea Phala
12E

Tenika du Plessis
12F

Nathan Prinsloo
12F

Venike Vermeulen
12G

Ashwin van Wyk
12G

Baie geluk aan die nuwe WK's

d6 school communicator

Geagte Ouer

Ons verstaan dat kommunikasie fundamentele waarde het vir effektiewe vennootskap met ouers en die sukses van leerders. Ons glo dit is belangrik om 'n skool omgewing te skep wat die prestasie van leerders asook die betrokkenheid van ouers verbeter.

Daarom het ons in die d6 Connect toepassing belê. Hierdie toepassing stel ons in staat om die bestuur van ons skool en kommunikasie met ouers te verbeter asook om meer omgewings vriendelik te wees. Ons stel graag aan u bekend, die d6 Connect toepassing, wat ons in staat stel om alle skool- en leerder inligting aan u te kommunikeer. **Die d6 Connect Toepassing voldoen ook aan POPIA vereistes.**

Die d6 Connect toepassing - **wat gratis is vir ouers om af te laai vanaf die Google Play Store, iTunes Store en op die d6 education webwerf** - sal die inligting direk aan u foon stuur. Daar is ook intydse kennisgewings - dus word u dadelik ingelig oor die nuutste kennisgewings.

Hoe om te begin

Get it on Google play	Available on the App Store	Get it on APPGALLERY
Android - Besoek die Google Play Store	**iPhone / iPad** - Besoek die iTunes App Store	**Huawei** - Besoek die Huawei App Gallery

Stap 1:	Soek vir **'d6 Connect'**
Stap 2:	Kliek **'Install'**
Stap 3:	Kliek **'Open'** sodra die toepassing klaar geïnstalleer is
Stap 4:	Vul u Naam, Van & Selfoon nommer in.
Stap 5:	Kliek **'Register'**
Stap 6:	'n Boodskap sal aandui dat 'n One Time Pin (OTP) per SMS gestuur is na die toestel wat geregistreer word. Moenie die toepassing nou toe maak nie (die skerm kan verklein word) - wag vir die OTP om gestuur te word
Stap 7:	'n Boodskap word gestuur aan die selfoon wat geregistreer is en bevat die OTP. Tik die OTP in en kliek **'Submit'**



Kliënte Diens

Indien u verdere ondersteuning of inligting benodig in verband met die d6 Connect toepassing, skakel gerus 087 820 0088 of stuur 'n e-pos aan **appsupport@d6.co.za** of besoek ons webwerf **www.d6ed.co.za**

Vriendelike Groete

Liewe ouers

Ons besef dat kontant-betalings vir uitstappies en ander skoolaktiwiteite tydrowend en frustrerend vir u as ouers kan wees. Die proses om die presiese bedrag kontant te vind en dit dan in 'n koevert te plaas, sodat u kind dit uiteindelik aan die klasonderwyser kan gee, is 'n ongerief. Dikwels is dit ook moeilik om te onthou watter aktiwiteit op watter dag plaasvind en ons wil graag verwarring uitskakel.

Ons is dus opgewonde om aan te kondig dat ons 'n nuwe betalings-toepassing gaan intergreer wat sal help om hierdie kwessies te verlig. Die naam van hierdie oplossing is **Karri Payments** (In Venda beteken hierdie woord *kleingeld*). Hierdie toepassing (*Application*) is voordelig vir beide die klasonderwyser en die ouers, want om kontant op ons perseel te hê, is voortdurend 'n kommer, dit is ook 'n veiligheidsrisiko en 'n las vir ons personeellede.

Die rede waarom u as ouer voordeel sal geniet, is omrede u maklik 'n betaling kan maak met die druk van 'n knoppie. Dit sal ook die verantwoordelikheid van u kind wegneem, deur nie voortdurend kontant vir verskeie aktiwiteite aan hul klasonderwysers te lewer nie.

Karri Payments is 'n innoverende mobiele betalingstoepassing waarmee jy vinnige betalings vir skoolaktiwiteite op jou selfoon kan maak. Hierdie toepassing (App) kan met enige Suid-Afrikaanse bank intergreer en is POPI (Protection of personal Information) in ooreenstemming met streng interne maatreëls om veiligheid en sekuriteit ten alle tye te verseker. Ons het 'n kontraktuele ooreenkoms met Karri Payments aangegaan om te verseker dat alle terme en voorwaardes gehandhaaf word. Karri word deur Nedbank bestuur wat ook 'n versekering bied dat alle relevante veiligheidsmaatreëls vir alle transaksies in plek gestel word.

U sal 'n e-pos en sms ontvang wat u vra om die toepassing (App) af te laai. Nadat u die toepassing (App) afgelaai het, moet u asb. 'n profiel skep (Sign Up). Skep u profiel met dieselfde e-pos adres wat die skool gebruik om met u te kommunikeer. Indien u reeds 'n Karri gebruiker is ('n kind in ander skool wat Karri gebruik) dan kan u gewoon net inteken. Ons het inligting oor die produk aangeheg, asook die stappe wat nodig is om die toepassing (App) af te laai.

Let asseblief daarop dat die program nie die tradisionele betaling van u kind se skoolfonds sal vervang nie, dit bly dieselfde. As ouer, sal u geen koste van *Karri Payments* dra nie.

Ons sal u ondersteuning baie waardeer.

Vir meer navrae of inligting, besoek asseblief die Karri-webwerf by www.karri.co.za.



What is Karri?

Karri is a mobile payment app that allows you to make quick payments for school events. Instead of sending children to school with envelopes of cash for civvies days and class outings, you're able to make fast payments of exact amounts straight to your school.

How it Works



Receive a notification of an upcoming school event.

View the event details and hit "Pay Now".

Success! It's as simple as that.

GET STARTED

1

Sign up or log into the Karri app

2



View upcoming events

3



Explore our payment methods

4

Success! It's as simple as that!

www.karri.co.za | 021 300 1867 | support@karri.co.za

Sport

ATLETIEK

KLEURE–ATLETIEK 2024

Ek glimlag van oor tot oor as ek dink aan Vrydagaand se byeenkoms! Dankie aan elke leerder vir julle deelname, positiwiteit en julle fantastiese GEES! Dit was ook wonderlik om soveel betrokke ouers om die vure te sien en selfs ook te sien hardloop aan ons aflosresies!

Geluk aan ons groen span wat in 2024 weer as wenners van Kleure-atletiek aangewys is!

Sone-atletiek vind Saterdag 10 Februarie 2024 plaas, en ons is opgewonde om te sien wat ons atlete hierdie jaar op die atletiekbaan gaan vermag TROTSJF!

Oester
Die storie agter die stories
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begrot
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018

Die week se foto's:

JF Oester
Die storie agter die stories
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Wenner

Goeiedag, ek's graad 8 ...

Elseri Venter

"Ek is uiteindelik in graad agt, ek wag al 14 jaar vir hierdie dag..." weergalm dit sedert die 17de Januarie deur JF se gange.

Ons graad 8's het al die 16de Januarie skool toe gekom om solank saam met die VRL hulle voete op dié nuwe skoolgronde te vind, en vir die eerste drie dae moes hulle maar hulle trots sluk en hulle middelpaadjie gel sodat hulle as gesoute JF'ers hulle hoërskoolloopbaan kan binnegaan.

Die graad 8-naweek het sommer met 'n hoogtepunt afgeskop toe sowat 260 nuwe graad 8's Vrydagmiddag die atletiekveld maar klein laat lyk het. Daar is spiese gegooi, ver gespring en vinnig gehol. Natuurlik, soos dit 'n ware JF'er betaam, het ons graadaggies ook gesorg vir lekker gees deur die loop van die middag.

Vrydagaand kon ons sixers lekker met JF se rasies spog toe hulle gees gevang het op die pawiljoen terwyl hulle ouers by die skool opgedaag het vir die ouerbraai. En natuurlik moes ons die aand met 'n lekker sokkie afsluit. En nadat die graad 8's, (en die VRL) 'n lekker "toer om die vloer" gevat het, kon hulle met vol harte gaan slaap.

Maar daar was maar min geslaap, want Saterdagoggend om 04:45 het die graad 8's al deur JF se hekke gestroom, gereed en opgewonde vir die dag se avonture! Die oggend was gevul met 'n paar aangename verrassinkies van die matriekseuns en JFFJ af, en toe die son wakker genoeg was om ons lekker warm te bak buite, het die dag se speletjies afgeskop.

Party speletjies natuurlik bietjie meer aangenaam as ander, maar elke speletjie het op sy eie manier gesorg vir vet pret!

Saterdagaand is die hoogtepunt van die naweek bereik toe die graad 8's hulle heupe tydens die Sixer-konsert kon skud om vir ons te wys wat in hulle steek. Graad 8 H is gekroon as die wenners van die konsert en Graad 8 F het met die geesbeker weggestap.

Ná Sondagoggend se spesiale kerkdiens in ons skoolsaal kon die graad 8's darem 'n blaaskans vat om te herlaai vir die week wat voorlê.

Maandagoggend breek toe aan en ons graad 8-saadjies word toe amptelik in JF-land geplant.
Daar was dalk donker kringe onder 'n paar graadaggies se oë, maar steeds het hulle oë gevonkel van opgewondenheid oor die nuwe hoofstuk van hulle lewens wat hulle binnegaan. En die oomblik wat die graad 8's uiteindelik hulle kleurbaadjies mag aantrek, het gesorg vir hoendervleis-oomblikke wat elke JF'er se bors laat swel het van trots.
Graad 8's 2024 – mag julle in die volgende 5 jaar werklik SAAI OM TE OES! ⋘